# KOMMUNIKAMMA 26 FEBRUARIE 2023

**Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Die leraars besoek jou graag op versoek. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**

**Sondag 26 Februarie**
**08:30 EIETYDSE DIENS, KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**Skriflesing:** Romeine 5:12-21
**Tema:** Genade 1- Sonde 0

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

**Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir die Gideons**

**11:00 – 14:00 KATEGESE BRING EN BRAAI**
Ons nooi alle gesinne om die bring en braai by Westview-lapa by te woon. Kontak Petru Vlok (083 522 9880) of jou kind se jeug mentor vir meer inligting.

**18:00- Leef@kerk.** 'n Ruimte waar ons Hoërskool leerders saamgroei.

**Maandag 27 Februarie**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**Woensdag 1 Maart**
**Voedselhulp aan PE-Noord**
**Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.**
U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.
Kraggakamma gemeente het al R408 317,61 se kos aangekoop. **Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.** Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die voedselhulp program.
**Die Broodjie-projek vir Laerskool Piet Retief het weer begin. Indien jy kan help, kan enige broodjie-smere by die kerkkantoor afgelaai word.**
**Ons is opsoek na XXL doeke vir dame wat haar been verloor het, asook beddens vir 2 gesinne.**

**<u>Donderdag 20 Maart</u>**
**19:00  Wêreldbiddag vir Vroue en Mans**
Lorraine Gemeente bied op Donderdagaand 2 Maart 'n Wêreldbiddag geleentheid vir die Dames en Mans aan. Die geleentheid begin om 19:00.  Johan Smith is die spreker en die OP Kinderkoor gaan by die geleentheid optree. 'n Deurkollekte sal opgeneem word.  Konak vir Brenda (083 226 1038) vir meer besonderhede.

**Ons as Gemeente vier volgende naweek 50 jaar van genade!**
**<u>Vrydag 3 Maart</u>**
**05:00 Wêreldbiddag vir manne by Carnationlaan 15**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer
082 773 6205

**05:45 Wêreldbiddag vir vroue by die kerkgebou.**

**19:00 Kraggakamma 50 Minute van 50 Jaar se Genade Video**
Daar is nog kaartjies by die kerkkantoor beskikbaar.

**<u>Saterdag 4 Maart</u>**
**16:00 FAMILIE TROLLIE RESIES**
Kom neem deel, ondersteun of lag net lekker saam.

**19:00 MAART MALLIGHEID**
Almal is welkom om hierdie jaarlikse lekker lag aand by te woon.

**<u>Sondag 5 Maart</u>**
**09:00  NAGMAAL**

**12:00 FEES-ETE**
Vandag (26 Februarie) is die laaste dag om jou plek te bespreek vir die Fees-ete.  Bring jou eie eetgerei en drinkgoed en kom kuier saam om die tafels.  Ons onthou van lank terug en maak nuwe herinneringe vir die toekoms.
Die ete kos die gemeente R100.00 per persoon.  Daar sal houers in die saal wees waar vrywillige donasies gemaak kan word.

**<u>GEBEDSAKE:</u>**
Lynn Lombard is steeds in die hospitaal.
Marisa van Wyk herstel na 'n groot operasie.
Flip Viviers en hul familie na die dood van sy vrou, Annatjie.
Kotie Oosthuizen het terugslag gehad met wond. Sy het baie pyn, is swak en sukkel om te slaap.
Ons dra die volgende persone, wat sukkel met hulle gesondheid, aan die Here op: Wynne du Plessis, Tina van der Merwe en Hartman Potgieter. Bid veral ook vir die familielede wat hulle ondersteun.
Rina Ras wie se man skielik oorlede is.
Die 50 jaar feesnaweek. Ons bid dat al die beplanning en reëlings glad sal verloop en dat mense entoesiasties sal deelneem en deel wees van al die verrigtinge.
Die voedselprojek by PE Noord en Piet Retief laerskool. Ons hulp by Algoa Gemeenskapkerk. Bid vir mense wat baie swaarkry. Werkloosheid is 'n groter wordende probleem.
Pleit voortdurend vir reën in ons opvangsgebiede. Dat ons damme sal vol word.
'n Werkbare plan vir die oplos van ons land se krag en vele ander krisisse.
Vir 'n einde aan die oorlog in Oekraïne. Vir beskerming van die burgerlikes wat geteiken word en baie swaarkry.
Geestelike leiers wat in baie moeilike omstandighede steeds 'n verskil maak en die Here se lig uitdra.
Algoa en Lorraine gemeentes se dominees het beroepe aanvaar. Bid vir hulle en die gemeentes wat moet besin oor die toekoms. Patmos gemeente se beroepingsproses.

**<u>THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**
Bid saam met gelowiges in **Nigerië** en met danksegging aan God vir hulle moed om nie hulle geloof te versaak nie ten spyte van gevaar wat hulle in die gesig staar.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor. Ons verwelkom die Wiean Benadie en sy gesin, asook vir MJ en Madelyn Van der Merwe in die gemeente.

**KRAGGA KAN MAAR GROENTE TUINE MAAK**

Na die eerste afskop, kan jy nou weer jou saailinge vir die tweede rondte bestel. Bestellings moet teen Maandag 09:00 by Dominee Toit geplaas word. Vir slegs R15 voorsien ons jou van 10 Spinasie saailinge, 10 Sprietui (Spring Onion) saailinge, 10 Beet saailinge en 25 Groenboon or ertjie sade. Die idee is dat jy die saailinge gaan plant, of iemand leer hoe om dit te plant, en daarvolgens kan ons mense en gemeenskappe help om meer volhoubaar te leef. Hierdie rondte saailinge sal vroeg in Mei maand beskikbaar wees.

**WIT-OLIFANTE**

Indien daar enige bruikbare wit-olifante in jou huis skuil, kan jy hulle begin afstof en aandra na die kerkkantoor. Dit is vir ons kermis op Vrydag 16 Junie 2023. Indien jy hulp nodig het met vervoer, kontak vir Zalita le Roux (082 878 8720)

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 26 Februarie | Elise Reed, Marie Greeff, Amanda Janse van Rensburg, Morne Meiring, Selmarie Morgan, Tanya van Rensburg, Lynette van der Walt en Issie Venter |
| 27 Februarie | Johan Conradie, Johny de Beer, Kayla de Beer, Ella Grobler, Lily Vosloo en Mario Weitz |
| 28 Februarie | Divan Bezuidenhout, Hayley du Preez, Ronel Hamilton, Nina Kloppers, Dirk Kotze, Susan Olivier en Gerry van Eeden |
| 1 Maart | Johan Blom en Janine Viljoen |
| 2 Maart | Ria Bezuidenhout, Fran Buchner, Pierre Havenga en Madelyne van der Merwe |
| 3 Maart | Alessandra Esterhuyse, Sumari Pretorius, JC Strydom, Hermione Strydom, Jan Pieter van Heerden, Altus van Heerden en Stefan van Ryneveld |
| 4 Maart | Etienne Nel |

**Ons wens vir Tannie Issie Venter, wat vandag, 26 Februarie, 92 jaar oud is, geluk.**

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan